

# ICA - Prochloraz 450 EC

Reg. no. L8478

Wet Nr. van 36/1947

'n Emulgeerbare konsentraat swamdoder vir die beheer van die siektes vermeld op die genoemde gewasse.

## AKTIEWE BESTANDEEL:

Prochloraz (imidasool).....450g/L

Geregistreer deur, ICA International Chemicals (Pty) Ltd, Reg Nr. 2001/013319/07, Posbus 2312, Stellenbosch, 7601.



## WAARSKUWING

- VLAMBAAR - Moenie naby oop vure of vonke stoor of gebruik nie.
- Giftig indien ingesluk, ingeasem of deur die vel geabsorbeer word.
- Mag vel en oë irriter.
- Giftig vir visse, ander waterinvertebrata - en natuurlewe.
- Berg in koel plek, weg van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- In geval van vergiftiging ontbied geneesheer en toon etiket en MSDS.

Alhoewel hierdie middel omvattend getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit in alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaat - en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens en dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van toestande wat ontstaan en wat nie kragtens die registrasie voorsienbaar was nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMATREËLS

- Moenie die dampe of sproeiwater inasem nie.
- Was met seep en water na gebruik of vel kontak.
- Dra rubber handskoene en gesigskerm wanneer middel hanteer word.
- Moenie eet, drink of rook terwyl produk hanteer word of voordat hande en gesig gewas is nie.
- In geval van vergiftiging spoel mond uit, moenie vomering induuseer en ontbied geneesheer. Voorsien MSDS aan geneesheer.
- Nota aan geneesheer: Geen spesifieke "antidote". Behandel simptome, oorweeg "gastric lavage".
- Verhoed besoedeling van riviere en damme.
- Verhoed besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- Maak alle apparat deeglik skoon na gebruik en moenie die omgewing met spoelwater besoedel nie.
- Spoel leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan minstens 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die dopelentek voordat die houer vernietig word, deur gate daarin te maak en dit te begrawe. Moenie die houer vir enige ander doeleindes gebruik nie.

## WEERSTANDSWAARSKUWING:

ICA-PROCHLORAZ is 'n groepkode 3 swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individueel insluit wat 'n natuurlike weerstand teen ICA-PROCHLORAZ of enige ander groepkode 3 swamdoder het. Indien hierdie swamdoder herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandsbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandsbiedende swamme sal waarskynlik nie deur ICA-PROCHLORAZ of enige ander groepkode 3 swamdoder beheer word nie. Om weerstand teen swamdoders te verhoog:

- Verminder die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkingsels van produkte in verskillende swamdodergroepkodes.
- Raadpleeg toepaslike individuele produk-etikette wanneer daar afgewissel word, of tenkingsels gemaak word, met produkte in ander swamdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemie, verbouing, biologies) in swamdoder programme. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die verskaffer van hierdie produk.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

### VERENIGBAARHEID:

Verenigbaar met 2,4-D (natriumsout) en Tiabendasool.

### MENG INSTRUKSIES:

Maak die doop-/spuittenk halfvol water. Skud die ICA-PROCHLORAZ houër deeglik voor gebruik. Meng die verlangde volume ICA-PROCHLORAZ vooraf met minstens 10L water. Voeg hierdie oplossing by die doop-/spuittenk terwyl dit voortdurend geroer word. Vul tenk met water terwyl geroer word tot by verlangde vlak. Handhaaf roering gedurende doop of bespuiting. Hierdie aangemaakte oplossing moenie gelaat word in tenk vir onbepaalde tyd nie, bv. oornag. Maak seker dat oplossing geroer word voordat voortgegaan word met doop-/spuitproses na onderbreking, bv. etensyd.

GEWAS & SIEKTE	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	OPMERKINGS
<b>AVOKADOS</b> Na-oes bederf beheer van Antraknose, Stingelentvrot en <i>Dothiorelle/Colletotrichum</i> kompleks	<b>Aanspuitbehandeling:</b> 1100 ml / 100 L water [5000 dpm aktiewe bestanddeel]	Dien toe as lae volume bespuiting en gebruik ongeveer 1.6L oplossing per ton vrugte. Dien toe op die vervoerbandstelsel waar vrugte rol en alle oppervlaktes blootgestel word of waar vrugte geborsel word. Dien toe voor behandeling met waks.
<b>PIESANGS</b> Na-oes beheer van Kraagvrot	<b>Doopbehandeling:</b> 30 ml / 100L water [135 dpm aktiewe bestanddeel]	Sny trosse op in hande en doop elke individuele hand vir 5 sekondes in die voorgeskrewe oplossing. <b>Nota:</b> Sorg dat konsentrasie van swamdoder-oplossing konstant bly deur gereelde aanvulling met oplossing van 30ml ICA PROCHLORAZ / 100L water. Roer oplossing gereeld.
<b>SITRUS</b> Na-oes beheer van Groenskimmel en Blouskimmel	<b>Aanborselbehandeling:</b> 330 ml / 100L water (1500 dpm aktiewe bestanddeel)	Dien toe tydens proses waar vrugte geborsel word, voor aanwending van waks. Gebruik saam 2,4-D (natriumsout) en Tiabendasool. Volg etiketaanwysings van ander produkte.
<b>MANGOES</b> Na-oes bederf beheer van Antraknose en die onderdrukking van bruinvrot	<b>Doopbehandeling:</b> Vrugte vir uitvoer - 180 ml / 100L water	Doop vrugte vir 20 sek in oplossing by kamertemperatuur. <b>NB.:</b> Vrugte moet vooraf vir 5 minute gedooop word in warm water wat nie 50°C oorskry nie. Fitotoksiteit mag sekere seisoene voorkom veral op kultivars Zill en Irwin. Vroeë seisoen vrugte is meer geneig tot skade en slegs warmwater behandeling kan soms lei tot fitotoksiteit.
	<b>Vrugte vir plaaslike mark -</b> 90 ml / 100L water	Doop vrugte vir 2 min. in warm swamdoderoplossing. Die water-temperatuur moet veral nie tydens vroeë seisoen 50°C oorskry nie en dan veral op kultivars Zill en Irwin. Vroeë seisoen vrugte is meer geneig tot skade vir selfs warmwater behandeling alleen.

NB: VERWYS ASSEMBLIEF NA MENG - EN DOOPINSTRUKSIES